VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 14 - Uitgawe 19
Kontak ons:
kerkinfo@ngkvs.co.za
www.ngkerkvrystaat.co.za

10 Junie 2016

Daar word erge koue vir hierdie naweek voorspel - die 1ste vir hierdie winter. Mag jy só bevoorreg wees om 'n lekker warm en knus skuilplek te hê… moet asseblief nie vergeet van hulle (mens en dier) wat nie so bevoorreg is nie!

1. NUUS/INLIGTING UIT DIE VRYSTAAT:

Jaarboek 2017: Gemeentes en Ringskribas het reeds hulle inligting ontvang om te wysig, onthou die **sperdatum van Woensdag 15 Junie 2016** – stuur gewysigde inligting na **kerkinfo@ngkvs.co.za**

Torings van Hoop se Winterhoop fondsinsameling: **Torings van Hoop** het besluit om hierdie jaar 'n fondsinsameling vir die aankoop van komberse te hou. Die komberse wil hulle vanjaar tydens die winter aan haweloses en mense wat swaarkry, uitdeel. Op **Saterdag 11 Junie 2016 by die Tweetoringkerk vanaf 08:00-13:00,** gaan 'n verkoping van verskeie ornamente, kombuisware, asook skoene en klere (dit is skoene en klere wat te klein of te groot is en nie aan haweloses uitgedeel kan word nie), gehou word. LET WEL: Komberse of klere wat die haweloses kan gebruik, word nie verkoop nie. Behalwe dat dié verkoping as 'n fondsinsameling dien, word 'n armer gemeenskap ook gedien waar mense gehelp word om goedkoper klere en ander produkte te bekom deur dit teen 'n minimale bedrag aan te koop. **Help hulle groot asseblief om hierdie projek deur te voer!** Vir enige navrae, kontak vir Neels Meyer, Bestuurder Bedienings by Torings van Hoop, deur 051 430 4274 (k) of 076 930 2046 te skakel.

Water Lewe Fotokompetisie: Klik **hier** vir al die inligting en ook **hier** vir finale reëls en voorwaardes. ***Let wel dat alle foto's wat ingeskryf word, slegs in die Vrystaat en Noord-Kaap afgeneem moet wees – sluitingsdatum is 15 Julie 2016.***

2. KERKE SE VERSOENINGSVELDTOG:

'n Praktiese inligtingstuk met al die reëlings, ensovoorts, vir die **byeenkoms op Saterdag 11 Junie 2016** by die Orlando Stadion in Johannesburg, is reeds aan alle leraars en gemeentes gestuur. Die inligtingstuk kan ook **hier** gelees word.

3. NUUS AKTUEEL:

Skoksyfers van seksuele geweld teen kinders onthul: Die volgende skokkende berig het in *Volksblad* van 3 Junie 2016 verskyn:

Die *Soccer City*-stadion in Johannesburg kan agt keer volgemaak word met die aantal kinders wat teen die ouderdom van 17 die slagoffer van seksuele geweld in Suid-Afrika is. En 40% van die bykans 800 000 kinders is al meer as een keer mishandel. Dié skoksyfer, dat een uit elke drie kinders in die land in hul leeftyd seksueel aangerand word, is in 'n Optimus-studie bekend gemaak. Dit is die eerste nasionaal verteenwoordigende verslag oor die mishandeling van kinders in die

land. Die verslag is saamgestel deur die UBS Optimus-stigting, kenners aan die Universiteit van Kaapstad en die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvoorkoming. Klik **hier** om berig verder te lees.

Nuutste Kerkbode: **Klik op logo** vir nuus in Kerkbode van Vrydag 3 Junie 2016.

4. MISSIE JAPAN NUUSFLITS - JUNIE 2016: Hierdie nuusflits is deur ds Tobie de Wet, wat tans in Japan is, aangestuur. Klik **hier** om die nuus te lees, asook Tobie se indrukke van die Kobe Gereformeerde Teologiese Kweekskool.

5. NUWE PUBLIKASIE VANAF CLF: Dit is die eerste keer in CLF se amper 60 jaar geskiedenis dat 'n publikasie gelyktydig in vyf van ons land se amptelike tale uitgegee word en dit dra ook die stempel van die *Seisoen van Menswaardigheid*, omdat dit kinders leer om met verdraagsaamheid en liefde na ander mense om hulle te kyk. Klik **hier** vir meer inligting oor dié besondere publikasie.

6. PREDIKANTE NUUS:

Gelukwensing aan ds Delmarie Viljoen: Daar is 'n nuwe aankomeling in die pastorie van ds Delmarie Viljoen en haar man Vernon. Hulle het verlede Vrydag 3 Junie 2016, die trotse ouers van klein Stephan geword - ds Delmarie is leraar van die NG Gemeente Springfontein. *Ons wil vir haar en Vernon gelukwens met hulle seuntjie, mag hy julle altyd trots maak en tot groot seën vir julle wees – geniet elke oomblik saam met hom, hulle word so vinnig groot!*

7. VAKATURES: Die volgende drie vakatures word weer herhaal:

Kantoorbestuurder - Vennote in Getuienis NG Kerk Vrystaat, Bloemfontein: Sluitingsdatum Vrydag 10 Junie 2016

Orrelis, NG Heilbron-Suid: Sluitingsdatum Vrydag 24 Junie 2016

Uitvoerende Hoof - Bybel-Media Groep, Wellington Wes-Kaap: Sluitingsdatum Maandag 15 Augustus 2016

Klik **hier** vir al drie poste se inligting.

8. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week verjaar:

10 Junie:
Ds Joe Müller - BETHLEHEM-OOS - 082 337 6442, **joemuller27@gmail.com**

12 Junie:
Ds Robbie du Toit - ESTOIRE - 051 433 1232, 084 401 6117, **robbiedt@telkomsa.net**

13 Junie:
Ds Willie Badenhorst - UNIVERSITASRIF - 051 446 3205, 082 266 2933, **wabaden@telkomsa.net**

15 Junie:
Ds Chris Schutte - BRANDFORT - 051 821 1109, 083 308 0341, **ceg.schutte@gmail.com**

9. TEN SLOTTE: *Sommer net 'n gedagte...*

Groetnis.

THEA BOSMAN
Samesteller/Redaksioneel: **kerkinfo@ngkvs.co.za**
Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN JY OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK hier **(meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

AS JY ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK hier

Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za** – stuur ook enige nuusgebeure, inligting na hierdie adres.

NG KERK VRYSTAAT WEBBLAD: http://www.ngkerkvrystaat.co.za/

NG KERK VRYSTAAT FACEBOOK: Like

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

SKOKSYFERS VAN SEKSUELE GEWELD TEEN KINDERS ONTHUL:

In dié studie, wat 'n verteenwoordigende bevolkingspeiling onder duisende kinders, asook duisende in 'n huishoudingspeiling ingesluit het, is vasgestel in 2015 was daar 351 214 gevalle van seksuele geweld teen kinders van 15 tot 17 jaar. Seuns en meisies is ewe kwesbaar om seksueel, emosioneel en fisiek mishandel en ook verwaarloos te word. Die oortreders is ander kinders, familielede en vreemdes. Die kinders wat veral kwesbaar is, is dié met afwesige ouers, kinders met net een betrokke biologiese ouer, ouers wat lank siek is, ouers wat middels misbruik en kinders uit huise waar te veel mense in een kamer slaap.

Wanneer kinders seksueel mishandel word deur iemand wat hulle ken, is hulle minder geneig om mediese en ander hulp te soek as wanneer dit 'n vreemdeling is. In net 31% van die gevalle het meisies mishandeling aangemeld wanneer iemand wat hulle ken hulle misbruik het en nie 'n enkele seun het dit gedoen nie.

"Suid-Afrika het 'n gereguleerde kinderbeskermingsprotokol nodig vir die bestuur van oortredings teen kinders, vir die regering en nie-regeringsorganisasies," sê die navorsers. Dit moet dit makliker en veiliger wees vir kinders om hulp te soek.
'n Vinger word ook na skole gewys waar sekere onderwysers verskeie vorme van geweld, afknouery en seksuele teistering aanvaar. Daar moet ook 'n fokusverskuiwing wees dat seuns én meisies slagoffers kan wees.

Van die ander bevindings is:

- Een uit elke tien kinders is al meer as vier keer deur volwassenes wat bekend is aan hulle, seksueel aangerand;
- sowat 18% van kinders is al fisiek mishandel;
- sowat 26% van kinders is al emosioneel mishandel; en
- sowat 24% van kinders is al aan gesinsgeweld blootgestel (dit sluit in ouers wat mekaar slaan, skop, wurg en dreig).

TERUG NA INHOUD

CLF – DIE AVONTURE VAN MARIA EN BRAAM:

Hierdie kosbare ***Christelike Lektuurfonds (CLF)*** publikasie vertel die storie van Maria en Braam as deel van God se blouoog en bruinoog kinders. Dit is 'n storie wat ons help om te verstaan dat al verskil ons van mekaar, ons almal deel is van God se storie. Dit leer kinders van God, waar ons vandaan kom en waarheen ons oppad is en dat elkeen van ons 'n stukkie van God se storie elke dag kan vertel. Die verhaal bring die moontlikheid van 'n gelukkige, samehorige reënboognasie na vore en leer kinders om met verdraagsaamheid en liefde na die ander om ons te kyk.

By CLF is daar geen groter droom as dat ons almal in vrede kan saamleef, soos God dit bedoel het. Daarom wil hulle graag vir kinders nou reeds leer van saam-wees in hulle anders-wees. Help hulle om aan die kinders van Suid-Afrika hierdie boek te gee. Seën 'n kind met die pragtige storie – iemand na aan jou of dalk 'n kind wat dit andersins nie sou bekostig nie. ***Teen R90 per kopie (posgeld uitgesluit) en beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa, Sotho en Zulu***, kan hierdie boek 'n groot rol speel om ons land te help verenig.

Vir navrae, skakel 021 864 3707 of e-pos na **hedwig@clf.co.za** die publikasie word deur die ***Seisoen van Menswaardigheid*** ondersteun.

SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

TERUG NA INHOUD

VAKATURES:

KANTOORBESTUURDER - VENNOTE IN GETUIENIS, NG KERK VRYSTAAT BLOEMFONTEIN:

Aansoeke word ingewag vir die pos van **kantoorbestuurder** vir die **Vennote in Getuienis-bediening**

Fokusse van pos:

- Administrasie en finansies
- Skakeling en kommunikasie
- Projekbestuur
- Persoonlike assistent vir uitvoerende amptenaar

Posvereistes: .

- Toepaslike na-skoolse opleiding
- Toepaslike werkservaring sal in die applikant se guns tel
- Die persoon moet hom/haar kan tuis voel binne die werksmilieu van die NG Kerk
- Waardes soos Christelike roeping, eerlikheid, vertroulikheid, professionaliteit, sosiale vaardighede en vriendelikheid teenoor alle mense
- Rekenaarvaardigheid: *Microsoft Word, Microsoft Excel, Microsoft PowerPoint* en *Microsoft Outlook*

Voldagpos - salaris onderhandelbaar.
Aansoeke met CV en eie motivering, vóór 10 Junie 2016 aan:

Adres:
Vennote in Getuienis
missie@ngkvs.co.za of missio@ngkvs.co.za
Tel: 051 406 6729 (k) / 082 780 8038

ORRELIS, NG HEILBRON-SUID:

Heilbron is geleë in die Noordoos-Vrystaat en het 'n lidmaattal van 500. Ons gemeente is opsoek na 'n geroepe orrelis wat die Here met sy/haar gawes in ons gemeente wil dien. Die gemeente het 'n lang geskiedenis van heerlike samesang met die orrel en die kerkkoor, as 'n integrale deel van die gemeente. Ons gemeente hou formele en informele eredienste - die orrelis sal net vir formele eredienste verantwoordelik wees.

VEREISTES:

- Ervaring in pyporrelbegeleiding is 'n voorvereiste.
- Moet gemaklik in 'n span kan werk.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir orrelbegeleiding by formele eredienste op Sondae, soos op die kerkprogram aangedui, asook gedurende eredienste by kerklike feesdae soos verlang.
- Begeleiding by begrafnisse en troues soos vooraf gereël.
- Begeleiding by spesiale kerklike of gemeentelike geleenthede soos vooraf gereël.
- Die afrigting en begeleiding van die koor.
- Bywoning van opknappingskursusse in kerkmusiek en ander relevante geleenthede word sterk aanbeveel.

Salaris onderhandelbaar - kontak mnr L Visser vir navrae in dié verband by 082 9218544. Die aansoeker moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en oudisie. Aansoeke sluit Vrydag **24 Junie 2016** en posaanvaarding is so gou moontlik daarna. Rig jou navrae en/of aansoek aan me S du Plessis by 058 852 1990, e-pos ngheilbrons@telkomsa.net

UITVOERENDE HOOF - BYBEL-MEDIA GROEP, WELLINGTON WES-KAAP:

Die Bybel-Media (BM) Groep van maatskappye is 'n diens van die NG Kerk. Dié diens stel Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening in 'n verskeidenheid mediaformate aan 'n breë Christen-gehoor beskikbaar. Donateurs speel 'n belangrike rol in die finansieringsmodel. BM het **vanaf 1 Januarie 2017 'n vakature vir 'n Uitvoerende Hoof in permanente hoedanigheid.**

Die Uitvoerende Hoof rapporteer aan die direksie en is verantwoordelik vir die strategiese en operasionele bestuur van dié multimediagroep. Die klem is op transformasie om BM optimaal toekomsgerig te bly posisioneer. Leierskap en bestuur fokus op talentbestuur, kreatiewe produkte, die ontwikkeling en instandhouding van fondswerwingsprogramme,

asook die optimale aanwending van bronne om langtermyngroei en finansiële volhoubaarheid te verseker. Die Uitvoerende Hoof is die openbare gesig van die maatskappy en ’n dinamiese leier. Die volgende kriteria word by die aanstelling in oorweging geneem:

- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Lidmaatskap van 'n gereformeerde kerk.
- Teologiese opleiding en praktiese ervaring in die bediening, met ’n passie vir die kerk van Jesus Christus en liefde vir die Here.
- Goeie kennis van die media- en publikasiewêreld, oopkop en met insig in die unieke bedryfsvereistes van BM en die digitale media-landskap.
- Finansiële bestuurskundigheid met begrip van fondswerwingsprogramme, bemarking en verkope.
- Vorming en bestuur van netwerke.
- ’n Spanwerker wat beskik oor uitstekende kommunikasie-, onderhandelings- en talentbestuursvaardighede.
- ’n Tersiêre kwalifikasie in bestuur of praktiese bestuurservaring.

Vergoeding: Mededingend.

Kandidate moet bereid wees om aan evaluering deel te neem. Die direksie behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoekers te maak nie. As jy aan die posvereistes voldoen, **stuur jou CV in elektroniese formaat** aan **direksie@bmedia.co.za**. Verskaf in jou dekbrief die motivering waarom jy aansoek doen en ’n kort opsomming waarom jy jouself in hierdie rol sien.

Aansoeke sluit: 15 Augustus 2016
Diensaanvaarding: 1 Januarie 2017
Navrae:
Danie Mouton, voorsitter, 082 9234 178 of **danie@ngkok.co.za**
Johan Vosloo, ondervoorsitter, 083 440 5581 of **jomil@mweb.co.za**

TERUG NA INHOUD